

Woensdag **27 Maart**

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5 – 2:2

Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:1, 2 (AFR83/2020)

God is lig

Sonde, ongeloof, wanpersepsies oor wie Jesus is, die duiwel en sy bese magte – al hierdie dinge en nog baie meer maak die wêreld waarin ons leef, stikdonker. Herders en leraars van gemeentes moet vaderlik die “kinders” bemoedig om op hulle hoede te wees in die geestelike donker om ons.

Die dwaling het ontstaan dat die mens Jesus nie die Christus van God is nie, dat godsdienstige kennis en sedelike wandel nie hand aan hand gaan nie. Gevolglik was daar liefdeloosheid en sedelike laksheid. Stikdonker! Wat ons van Jesus gehoor het en moet verkondig, is: “God is lig, en geen duisternis is in Hom nie” (vs 5).

Jesus het mens geword. As die Christus het Hy ons met God versoen. Ons moet elke dag stry teen sonde. Ons moet doelbewus daarna streef om volgens God se wil te leef. Dan leef ons na die lig toe.

Wanneer ons egter wel soms uit swakheid in sonde val, moet ons nie in die sonde bly lê nie. Ons het ’n Voorspraak by die Vader: Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is die versoening vir ons sondes.

Waak teen dwalinge oor wie Jesus is. Hy het jou spesiaal kom red uit die duisternis. Hy het jou na die lig van God se liefde en genade en vergifnis gebring.

Stry elke dag hard om nie in die donker te verdwaal nie. Bely elke dag jou sonde. God het die berouvolle sondaar lief.

As gelowige in Jesus Christus gee jy nooit moed op nie. Jy leef elke dag doelbewus na die Lig toe. Jy draai doelbewus weg van die donker. God het jou in Jesus Christus reeds gered. Deur sy kruis en opstanding skyn die Lig vir ewig – al is die wêreld donker.

Sing: Psalm 81-1:1, 12

Ds. HW (Hennie) Schutte (Wesrand)